



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo  
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys  
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# **NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

## **GRAAD 12**

### **SEPTEMBER 2024**

### **EKONOMIE V2**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
  - AFDELING A: VERPLIGTEND
  - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
  - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****30 PUNTE – 20 MINUTE****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.
- 1.1.1 'n Situasië waar alle ander faktorinsette onveranderd bly, staan as die ... reël bekend.
- A reële pryse
  - B ceteris paribus
  - C nominale pryse
  - D markkragte
- 1.1.2 'n Monopolis sal die prys ... van die vraagkurwe vasstel.
- A by die middelpunt
  - B bo die middelpunt
  - C onder die middelpunt
  - D by die eindpunt
- 1.1.3 'n Mark wat deur twee firmas oorheers word:
- A Monopolistiese mededinging
  - B Monopolie
  - C Oligopolie
  - D Duopolie
- 1.1.4 Winsmaksimering is waar die vertikale afstand tussen ... en TK die grootste is.
- A TFC
  - B TVK
  - C MK
  - D TI
- 1.1.5 Kostedruk-inflasie kan verminder word deur ...
- A toenemende produktiwiteit.
  - B subsidies.
  - C vereistes vir kontantreserwes.
  - D morele oorreding.

1.1.6 Internetgeriewe wat deur toeriste benodig word, word ... infrastruktuur genoem.

- A vervoer
- B energie
- C kommunikasie
- D brûe

1.1.7 'n Internasionale ooreenkoms om kernafval te bestuur.

- A Basel Konvensie
- B Kioto-protokol
- C Parys-ooreenkoms
- D Stockholm-protokol

1.1.8 Om aan die behoeftes van die huidige geslag te voldoen sonder om die behoeftes van die toekomstige geslagte te benadeel.

- A Hidrobreking
- B Omgewingsontwikkeling
- C Omgewingsvolhoubaarheid
- D Bewaring

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Homogene produkte	A	Kan nie verhaal word indien 'n firma besluit om die mark te verlaat nie
1.2.2	Gesinkte koste	B	Die verskeidenheid plant- en dierelewe in 'n bepaalde habitat
1.2.3	Winsmaksimering	C	Toeriste kom besoek museums en kunsgalerye
1.2.4	Merietegoedere	D	Die regering handhaaf die voorraadvlakke van omgewingshulpbronne deur die uitreiking van permitte en kwotas
1.2.5	Inflasietekengrens	E	Goedere wat die samelewing voel, is voordelig om te verbruik, maar word onderbenut deur die mark
1.2.6	Kulturele toerisme	F	Produkte wat dieselfde is in styl, ontwerp en kwaliteit
1.2.7	Direkte kontroles	G	Monetêre beleidsbenadering wat deur die SARB gebruik word om prysveranderings binne 3–6% te hou
1.2.8	Biodiversiteit	H	Wanneer $MK = MI$
		I	Produsente het 'n invloed op die markprys

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 'n Instelling wie se hoof funksie is om bevels wat deur die mededingingstribunaal gemaak is, te hersien en hierdie bevels te wysig of te bevestig
- 1.3.2 'n Bemarkingstrategie wat ondernemings gebruik om 'n sekere persepsie in die gedagtes van verbruikers te skep
- 1.3.3 Die proses om sosiale koste en sosiale voordele van 'n projek te vergelyk
- 1.3.4 Lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse kom gelyktydig voor
- 1.3.5 'n Kulturele of natuurlike terrein wat 'n spesiale kulturele of fisiese belangrikheid het
- 1.3.6 Die direkte regulering van 'n bedryf of aktiwiteit deur wette wat meld wat toegelaat word en wat onwettig is. (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van monopolieë in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe word kunsmatige monopolieë teen mededinging beskerm?  
(1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HOEEVEELHEID	PRYS	TOTALE INKOMSTE
2	10	20
4	10	40
6	10	60
8	10	80
10	10	100

2.2.1 Identifiseer die gemiddelde inkomste (GI) in die tabel hierbo. (1)


2.2.2 Hoe word marginale inkomste bereken? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *gemiddelde koste*. (2)

2.2.4 Waarom is die marginale inkomste dieselfde as die gemiddelde inkomste onder perfekte marktoestande? (2)

2.2.5 Teken 'n grafiek wat winsmaksimering met behulp van die marginale koste en marginale inkomstekurwes onder perfekte marktoestande aandui. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Identifiseer die markstruktuur in die bostaande grafiek. (1)
- 2.3.2 Noem die boonste segment (AB) in die grafiek. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die term *stilswyende samespanning*. (2)
- 2.3.4 Hoe raak prysvasstelling produsente? (2)
- 2.3.5 Hoekom is dit raadsaam vir oligopoliste om teen markprys te verkoop? (2 x 2) (4)
- 2.4 Onderskei tussen 'n *individuele besigheid* en die *bedryf*. (4 x 2) (8)
- 2.5 Waarom moet monopolistiese mededingers hul produkte adverteer? (4 x 2) (8)
- [40]**



**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES****40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is die bewaring van niehernubare hulpbronne belangrik? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.



Teken Ikoniese Landskappe

Tafelberg  
Suid-Afrika

Toerisme aankomste in Suid-Afrika demonstreer 'n positiewe tendens, met verbetering in die getalle wat maand tot maand gedurende die tydperk van 2021 tot 2023 aangeteken is. In Desember 2023 was 3,5 miljoen reisigers by Suid-Afrika se poorte of ingang/uitgang aangeteken, wat beide November 2023 se getalle wat op 2,6 miljoen en Desember 2022 se getalle wat op 2,9 miljoen gestaan, verbygesteek het.

[Aangepas uit [www.statssa.gov.za](http://www.statssa.gov.za)]

3.2.1 Identifiseer die Wêrelderfenisterrein in die uittreksel hierbo. (1)

3.2.2 Noem enige EEN omgewings Wêrelderfenisterrein. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *toerisme*. (2)

3.2.4 Hoe kan ekotoerisme die omgewing bevoordeel? (2)

3.2.5 Evalueer hoe die Suid-Afrikaanse toerismeprofiel gebruik word om toeriste-aktiwiteite in Suid-Afrika te bevorder. (2 x 2) (4)

- 3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA: ENTREPRENEUR STOOT HIDROPONIKA OM  
VEILIGE TOEGANG TOT VOEDSEL AAN TE PAK.**

'n Plaaslike voedselentrepreneur maak 'n verskil met hidroponika om Suid-Afrika se voedselosekerheidskwessies aan te pak. Voedselonsekerheid word vererger deur klimaatsverandering en gronderosie. In Suid-Afrika word ongeveer 61 miljoen hektaar grond, sowat die helfte van die land se hele oppervlakte, geklassifiseer as 'n matige tot ernstige potensiële risiko vir gronderosie.

Toenemende gronderosie en onvrugbare grond maak dit moeilik vir Suid-Afrikaners om hul eie kos te kweek. Daar word geglo dat hidroponiese boerderystelsels 'n innoverende en volhoubare oplossing bied vir die verbouing van voedsel beide op 'n bestaansvlak sowel as 'n kommersiële vlak.

[Aangepas uit [www.hortidaily.com](http://www.hortidaily.com)]

- 3.3.1 Identifiseer enige EEN groot omgewingsprobleem uit die uittreksel. (1)
- 3.3.2 Noem 'n internasionale maatreël wat gebruik word om biodiversiteitsverlies aan te spreek. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *bewaring*. (2)
- 3.3.4 Hoe veroorsaak eiebelang dat markte misluk om die omgewing volhoubaar te bestuur? (2)
- 3.3.5 Hoe beïnvloed gronderosie die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief? (4)
- 3.4 Bespreek kortliks die redes vir groei in die plaaslike toerismebedryf. (8)
- 3.5 Waarom is die toekenning van eiendomsreg effektief in die bereiking van omgewingsvolhoubaarheid? (4 x 2) (8)
- [40]**


**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**  
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE toestande van 'n perfekte mark. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe beïnvloed die appresiasie van die rand inkomende toerisme? (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die skadu-area in die grafiek hierbo. (1)

4.2.2 Watter kromme verteenwoordig die gemiddelde inkomstekurve? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *natuurlike monopolie*. (2)

4.2.4 Waarom is die grafiek hierbo tipies van 'n korttermyn-ewewigsposisie? (2)


4.2.5 Gebruik die inligting in die grafiek hierbo om die totale koste te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.






**“Alkaliese hidrolise of ‘Aquamation’ wat ook na verwys word as ‘n vlamlose verassing, water verassing en bio-verassing, word gebruik om die liggaam te veras eerder as met vlamme”**  
**verduidelik Adriaan Bester,**  
**AVBOB Algemene Bestuurder: Korporatiewe Sake.**

## AQUAMATION

**DIE MAKLIKER, EKO-VRIENDELIKER  
ALTERNATIEF VIR VLAMVERASSING**



Roberts Family  
Funerals • Cremations • Celebrations  
*A Life Celebration Home*

				
Geen verbranding van brandstof wat tot kweekhuysgasse bydra.	20% meer as oorblyfsels om aan familie terug te gee	90% Energie-besparing	Ander keuse	
h Kombinasie van watervloei, temperatuur en alkaliniteit word gebruik om die natuur se natuurlik proses te versnel.	Geen fossielbrandstowwe word verbrand nie so die energie-besparings is omtrent 90% in vergelyking met vlam-gebaseerde verassings			‘Aquamation’ verskaf ander keuses aan individue of families wat ander se opinie waardeer.

[Aangepas uit [www.avbob.co.za](http://www.avbob.co.za)]

- 4.3.1 Identifiseer EEN oorsaak van klimaatsverandering uit die uittreksel hierbo. (1)
- 4.3.2 Noem 'n internasionale ooreenkoms wat die produksie van gasse wat klimaatsverandering veroorsaak, beperk. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *besoedeling*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik hoe aardverwarming klimaatsverandering tot gevolg kan hê. (2)
- 4.3.5 Hoe kan energiebesparing 'n positiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (2 x 2) (4)
- 4.4 Beskryf kortliks die doelwitte van die Suid-Afrikaanse mededingingsbeleid. (4 x 2) (8)
- 4.5 Verduidelik die positiewe impak van die gebruik van omgewingsbelasting op omgewingsvolhoubaarheid. (4 x 2) (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
<b>Inleiding</b> Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.</li> <li>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.</li> <li>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam insluit nie.</li> <li>• Vermoed dit om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.</li> </ul>	Maks. 2
<b>Liggaam</b> <b>Hoofdeel:</b> Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Verduidelik <b>Bykomende deel:</b> Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor	Maks. 26  Maks. 10
<b>Gevolgtrekking</b> Enige hoërde gevolgtrekking behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder om enige feite wat reeds genoem is, te herhaal</li> <li>• Enige opinie of waardeoordeel oor die bespreekte feite</li> <li>• Addisionele ondersteunende inligting om bespreking/ontleding te versterk</li> <li>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die faktore wat tot die wantoewysing van hulpbronne in die mark lei. (26 punte)
- Evalueer die impak van KVO op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die maatreëls om vraagtrek- en kostedruk-inflasie te bekamp. (26 punte)
- Ontleed die impak van direkte buitelandse belegging op prysstabiliteit. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**